

Simon oor die moralisering uit eieliefde

168 Na 'n halfuur het dit baie lewendig in ons groot geselskap geword en Simon begin grappe vertel wat beslis baie geestig was. Gabi, 'n ietwat ernstiger jongmens van ruim twintig jaar, waarsku Simon egter meermale om hom bietjie in te hou.

[2] Maar Simon sê: "Wie waarsku dan eertyds vir Dawid, toe hy nogal uitgelate voor die ark dans? Omdat sy haar skaam gee sy vrou hom wel die raad om hom te matig in sy vreugderoes; maar Dawid steur hom nie daaraan nie! En kyk, ek sal my nou ook niks aantrek van jou korrigerende wenke nie, maar ek sal slegs nog vroliker word! Bemoei jou daarom nie meer met my nie, anders moet ek my ook nog met jou bemoei!

[3] Kyk eers in dié rigting, daar sit die Meester; Hy alleen is nou ons korrigeerder! Waarom sou ons sondaars mekaar altyd moet korrigeer? Want elkeen van ons mense korrigeer sy naaste meestal uit eieliefde! Die gierigaard maan sy naaste tot matigheid, nugterheid en spaarsaamheid en hou daaroor sy sedepreke. Maar waarom doen hy dit? Hy is bang dat daar iemand arm sou kon word wat hy dan, omdat hy welgesteld is, al is dit nie uit naasteliefde nie, dan tog fatsoenlikheidshalwe, sou moes help.

[4] 'n Ander, wat nie so goed kan loop nie, sal sy begeleiers in die trant van 'n geneesheer uitlê dat dit skadelik is om vinnig te loop. Weer 'n ander, wat geen spesiale vriend is van groot warmte nie, sal vernaamlik uit eiebelang die nut van die skadu benadruk. Die wyndrinker sal by sy vriende water beslis nie spesiaal aanprys nie. As 'n man, of hy nou jonk of oud is, 'n ogie het op die een of ander meisie, sal hy haar altyd wys op die gevaar daarvan om met ander mans te doen te hê en ander mans sal hy met mooi woorde en op moralistiese wyse terdeë waarsku om nie onbesonne met die vroulike geslag om te gaan nie. In so 'n waarskuwing is daar tog duidelik 'n behoorlike bietjie eieliefde?!

[5] En so het ek tot op hede nog altyd, ek sê dit heel openlik, waargeneem dat by die vermanings wat so dikwels gegee word, altyd 'n bietjie eieliefde van die kant van die vermaner sigbaar word, wat geen vermaner, as hy maar enigszins oor homself nadink, kan ontken nie. Onder die vermomming van allerlei morele redes sal hy sy naaste veral waarsku teen die dinge wat hy self onaangenaam vind.

[6] As iemand verlief is op 'n meisie, sal hy haar beslis nou eers ernstig, dan weer liefderik, altyd waarsku teen ander mans wat uiteindelik, soos wat dit soms gebeur, ook 'n ogie op haar kon hê. Waarom waarsku hy dan soveel ander meisies nie teen die slegtheid van die ander mans nie? Omdat sy eieliefde by die ander meisies nie saamspeel nie!

[7] Ek sou selfs aan die hand van die kenmerke van die verskillende waarskuwings en lesse wat die mense mekaar gee die sogenaamde swak kante van die mense haarfyn kon vasstel!

[8] Nie verniet het ons Goddelike Meester op die berg die heerlike en selfs buitengewoon voortreflike opmerking gemaak oor die bepaalde, ongevraagde verbeteraars wat nie so gou gereed moet staan om aan hul naaste te sê: 'Kom vriend, dan haal ek die splinter uit jou oog uit!' nie. Laat dié eers maar die moeite doen om te kyk of daar nie 'n hele balk in hul eie oog sit nie! As hulle dít eers miskien met baie moeite daaruit verwyder het, dan sou ook hulle die reg hê om bedagsaam aan hul broer te vra of hy wil dat hulle die splintertjie uit sy oog haal!

[9] Sien jy, vriend Gabi, dit is ook moraal, wat ek beslis nie aan jou soos jy met jou waarskuwings wil opdring nie, hoewel ek met baie groot sekerheid sou wou beweer dat daar uiters min onwaars in steek!

[10] Ek het nou gepraat en gaan my nou weer met 'n vis besig hou! Intussen kan jy, vriend Gabi, jou prekerstong 'n bietjie vrye teuels gee! Kom alleen nie met Salomo se wysheid by my aan nie, want daarvoor het ons twee nog nie genoeg hare op ons melktande nie! Eintlik moet ons maar net bly wees dat ons nog bewustelik lewe; maar Salomo laat ons twee vir wat hy is! En laat wie maar wil sy Hooglied sing; ons stemme sal hopelik op hierdie liewe moeder aarde nooit so hoog reik nie!"

[11] Gabi sien daar by hierdie stekelrigheid van Simon weliswaar ietwat vererg uit, maar uit pure eerbied vir My swyg hy tog.

Oor die Hooglied van Salomo

169 Ek sê aan Simon: "Is jou metgesel dalk 'n groot vriend van Salomo? En wat verstaan hy dan van sy Hooglied? Sê My eers hoe ver julle al daarin gevorder het!"

[2] Simon sê: "Majesteit en Meester van die hemele en hierdie aarde! As ek, soos wat ek gewoon is, vry-uit mag praat, sal ek graag iets wil sê; maar as ek my woorde sorgvuldig moet wik en weeg, is ek nie tuis nie, want dan kan ek nie 'n woord uitkry nie!"

[3] Ek sê: "Praat soos wat jy gewoon is, want die kern van jou geestigheid en humor is goed!"

[4] Daarop sê Simon: "Ag, in daardie geval sal ons wel iets kan sê! Weliswaar sal dit nie verder reik as my eenvoudige denkvermoë nie; maar ek hou geen ongesonde mening op daarna nie!

[5] O Majesteit en Meester, U vra hoe ver ons reeds gevorder het met Hooglied! Help, EliJaH, ek kon nog glad nie daarmee vorder nie, want ek sou jammer gewees het vir my tyd! Maar Gabi ken die hele eerste hoofstuk alreeds uit sy kop uit. Hy sluk en kou dit nog

steeds en hy het daar altyd die mond van vol, maar van die betekenis van hierdie hoofstuk weet hy net so min as ek van die diepste bodem van die see. Die mooiste daarvan is egter dat jy steeds minder begin verstaan van die eerste hoofstuk van hierdie lied hoe meer dikwels jy dit ook lees! En wanneer jy dit ten laaste ook nog van buite ken, verstaan jy dit gewis die allerminste!"

[6] Ek sê: "Ja, ken jy die eerste hoofstuk miskien ook van buite?"

[7] Simon sê: "Hy het dit al so dikwels vir my opgesê, dat ek dit nou helaas ook al woord vir woord van buite ken, hoewel dit my die keel uithang! Om met die Skithiërs (barbaarse ruitervolk) te praat, is baie onderhoudender as om die Hooglied van Salomo op te sê. Wie daar iets aan vind, moet 'n kind van heel merkwaardige ouers wees. Ek vind dit onsin! So mooi, waar en goed die spreuke van Salomo is en ook sy prediking, so dom en niksseggend is sy Hooglied. Wie daaraan iets meer ontdek as die werk van 'n dwaas, het duidelik 'n heeltetal siek brein!

[8] Wat moet die betekenis byvoorbeeld wees van: 'Laat hy my kus met die kus van sy mond, want u liefde is liefliker as wyn.' Wie is die 'hy' en wie is die 'my'? Dan moet die onbekende 'hy' die eweneens onbekende 'my' met die eie mond van die 'hy' kus!? Het hierdie 'hy' dan ook ander vreemde monde in sy gesig? Dit moet dan 'n baie wonderlike, vreemde wese wees!

[9] Die laaste deel van hierdie eerste vers skyn kennelik die rede vir die verlange in die eerste deel te bevat; maar daar staan 'hy' in die tweede persoon, en mens kan nie sonder meer aanneem dat met die uitdrukking 'jou liefde', wat liefliker as wyn is, die liefde van die 'hy' bedoel word nie. Maar as mens al nie weet wie 'hy' en wie 'my' is nie, hoe moet mens dan wel weet wie die een is wie se liefde in die tweede persoon liefliker as wyn moet wees?

[10] Verder is dit ook geen besondere kompliment vir die liefde nie as mens sê dat dit liefliker is as wyn, as van dié wyn tevore nie gesê word dat dit besonder uitmuntend is nie. Want daar is immers ook heel miserabele en slegte wyne! Is die liefde egter maar net heerliker of liefliker as die wyn, sonder onderskeid na kwaliteit, dan is so 'n liefde bepaald nie so besonders nie! Ondanks al hierdie kommentaar, kan dit tog altyd nog wel iets besonders beteken, maar ek het dit op hierdie wêreld nooit agtergekom nie.

[11] Om ten oorfloede my domheid nog duideliker aan te toon, sal ek ook nog die tweede vers by die eerste voeg; as my geheue my nie bedrieg nie, staan daar: 'Laat mens jou heerlike self ruik; Jou naam is self wat uitgegiet is, daarom bemin die maagde jou.' Hierdie tweede vers pas tog na my mening net so op die eerste soos 'n huis op 'n oog! Wat is dit dan vir 'n self en van wie is dit? Wie moet die self dan ruik? Hoe kan iemand se naam 'n uitgegote self wees, en waarom moet hy nou juis daarvoor deur die maagde

bemin word? Wat se maagde is dit?

[12] Daarom, verhewe Salomo, bekyk dit maar met al jou verhewe wysheid! Eén woord van U, o Meester, het vir my duisendmaal duisend keer meer waarde as alle verhewe wysheid van Salomo! Salomo word vir my nou al weer te veel! O Meester, ek smee U, skenk my die orige verse, want dit is nog baie meer onverstaanbaar as die taal van die Skithiërs!"

[13] Ek sê: "Dit is goed, My beste Simon. Sou jy vir My dan nog die woorde kon herhaal waarmee Ek op die berg diegene aangemaak het, wat vanweë die pragtige oggend nie van die berg wou afdaan nie en van welke woorde jy beweer dat dit beslis geen diepere, geestelike betekenis sou hê nie? As jy jou dit nog herinner, herhaal hulle dan nog eens vir My!"

[14] Simon antwoord met 'n ietwat verleë gesig: "O Majesteit en Meester, as my herinnering my nie bedrieg nie, lui die paar woorde ongeveer so: 'Benede by die tafels wat buite staan, sal julle dieselfde oggend as hier bo-op die berg vind; met die kort paadjie na onder sal julle daarvan geniet, en benede sal julle dit dubbel geniet. Ons liggame het voedsel nodig, laat ons dus vinnig na onder aan tafel gaan!' Ek glo dat U, o Majesteit en Meester, dit gesê het?!"

[15] Ek sê: "Uitstekend, My beste Simon! Jy het My opmerking woord vir woord volkome korrek weergegee. Maar wat dink jy daarvan as Ek jou nou vertel dat die aanmaning wat Ek toe gegee het en wat nou vervul is, geestelik presies dieselfde betekenis het as dié twee verse uit Salomo se Hooglied wat jy aan My voorgedra het?! Kan jy jou enigszins die moontlikheid daarvan voorstel?"

[16] Simon sê: "Voordat ek dit verstaan sou ek nog eerder verstaan dat die uitgestrekte see môre al verander sal wees in die vrugbaarste landerye. Want wat U, o Meester, op die berg gesê het, was helder en duidelik te verstane en ons begryp almal maar al te goed wat ons tot ons genoeë moes doen, naamlik na benede gaan, met veel vreugde op hierdie heerlike môre om aan tafel te gaan sit en ons liggame te voed met 'n voortreflik voorbereide ontbyt! Wie dit miskien nie verstaan het nie, moes gewis heeltetal stokdoof gewees het.

[17] Maar wie vind dié betekenis ook in die twee verse van Hooglied? Dié is in hul natuurlike betekenis, soos wat ek laat sien het, volkome onlogies! Maar as hulle dit is, wie kan dan in alle erns daaragter nog 'n wyse, geestelike betekenis wil soek? Met reg en rede kom dit my nou presies so voor asof ek my van 'n stomme, onnosele gek wat meer dier as mens is sou moes voorstel dat hy 'n wyse Plato is! Hoewel, alles is moontlik, waarom dan nie dit nie?! Ek dui hier slegs maar aan hoe ek dit nou voel en beleef."

(word vervolg)